

God dink aan almal in die ark

Wanneer God aan die mens dink, sluit dit aksie in. Na 150 dae wat die water die aarde oorstroom het, het God 'n wind oor die aarde laat waai en die waters het teruggetrek. Na nog 150 dae het die ark op die berg Ararat tot rus gekom. Noag stuur 'n kraai en twee duiwe by drie verskillende geleenthede uit die ark om te probeer vasstel of die water al verdwyn het. Eers die tweede duif bring bevestiging by wyse van 'n varsgeplukte olyfblaar in sy bek! God beveel almal in die ark om uit te gaan, 'n nuwe wêreld en lewe in. God se opdrag is 'n herhaling van Genesis 1:28 en wys op die nuwe begin.

Wat is die eerste ding wat Noag doen? Hy bou 'n altaar en bring 'n offer aan die Here as teken van oorgawe en toewyding aan die Here. Eintlik is dit 'n dankoffer aan God vir die redding. God aanvaar die offer en belowe dat die aarde nie weer op dié manier tot niet sal gaan nie.

Daarmee staan ons voor 'n skynbare teenstelling: God het die aarde verwoes weens die sonde van die mens (Gen 6:1-13); God gaan die aarde nie weer so deur water verwoes nie, ten spyte van die sonde van die mens (Gen 8:21-22). Op hierdie manier word die onbegryplike genade van die Here op 'n treffende wyse beskryf: Al verdien die mens ook weer vernietiging, God sal dit nie nog 'n keer doen nie. God sou eerder 'n ander weg volg, een waardeur Hy mense se gesindhede verander deur self in liefde die gevolge van die sonde op Hom te neem. Christus word die Herskeppingsmiddelaar. Hy kom neem jou sonde op Hom.

God se dink aan ... word 'n gee van Jesus Christus vir jou. Jesus is jou Saligmaker. Aan die kruis word die skuldbrief van jou sonde saam met Christus vasgespyker. Christus is die Gesalfde. Hy is gesalf tot jou hoogste Profeet en Leraar, jou enigste Hoëpriester en jou ewige Koning. Christus leer jou God se wil oor jou verlossing. Hy verlos jou met die offer van sy liggaam. Hy regeer jou met sy Woord en Gees.

Hy bewaar jou om op jou Ararat, die Ewige Lewe, tot die ewige rus te kom.

Sing: Psalm 145:1, 2, 12

Ds, W Vogel (Cachet)